# 20 Oktober 2023 - Lesing 158 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Gawes van die Gees – 18/9/60

**NO: 7703 Julle sal die gawes van die Gees moet noem as julle die merkwaardige vermoëns wil verduidelik** wat hulleself sal uitdruk op 'n goddelike wyse en wat ook herken kan word as goddelik deur almal wat geestelik geneig is. Want Ek Self het hierdie gawes belowe aan diegene wat daarna streef en voldoen aan die voorwaardes wat Ek gestel het vir die "werking van die gees".

My gees manifesteer haarself op verskeie maniere, **altyd afhangende van die graad van rypheid van die siel** en die taak wat aan 'n persoon gegee is wat die gawe van die Gees ontvang.

Daar is baie **verskillende gawes**, maar dit is altyd 'n ongewone aktiwiteit waarvoor 'n persoon aangelê is. 'n Aktiwiteit wat hy nie as 'n blote mens kon verrig het nie. Hy het **My steun** hiervoor nodig, hy moet krag van My af ontvang, wat dan in werking tree in 'n persoon as die **gawe van genesing, of die gawe van profesie, of die gawe om die waarheid van My te ontvang en te versprei in My Naam**. Of die **gawe van spraak geïnspireer deur My,** sodat Ek self kan spreek deur die Gees, maar deur die mond van 'n persoon te gebruik wat hierdie **gawe van My ontvang het om My te hoor**.

En wanneer julle die mense se aandag rig op die verskillende gawes wat Ek genoem het, ook deur die Gees, sal hulle moet erken dat julle nie net oor 'n spesiale vermoë beskik nie, wat ook vir julle as 'n talent gegee kon gewees het deur julle Skepper, maar dat julle hierdie vermoë wel geestelik ontvang het, dat dit nie na willekeur aan enigiemand gegee kan word wat nie kan aantoon dat hy die vereistes vervul het om dit te ontvang nie.

En so 'n vermoë kan selfs minder akademies verwerf word. Mense word inderdaad geroep en kan hulself geestelik sodanig vorm dat hulle 'n gawe van die Heilige Gees kan ontvang. Maar nie almal is uitverkies nie, juis omdat hulle nie hul roeping herken en dus ook nie streef na geestelike gawes nie.

Aan die ander kant is hierdie gawes egter **die bewys van 'n geestelik georiënteerde lewenswyse**, van 'n persoon se spesifieke graad van rypheid en liefde, want My Gees kan net in hom werk indien hy hierdie graad van rypheid bereik het.

As mense nooit sal uitvind dat enigeen 'n geskenk van die Gees kan ontvang, sal hulle nie die boodskappe van bo tot die mate glo wat dit verdien nie, want hulle kan dit nie behoorlik verduidelik nie en daarom sal hulle twyfel aan elke ongewone openbaring van die Gees.

Trouens, mense gaan selfs so ver as om die geestelike gawes heeltemal te ontken as goddelike aktiwiteit en alles ongewoon as satanies te veroordeel. En tog gee hulle daardeur net bewys van hul eie armoede, want waar die werking van My Gees nie langer herken kan word nie, is daar **geen teken ook van "My kerk" nie**, van die kerk wat Ek Self op aarde gestig het.

**"My Kerk" bestaan slegs waar die werking van My Gees duidelik is,** want My Gees getuig van My teenwoordigheid, en omdat Ek altyd teenwoordig is waar mense opreg daarna streef om geestelik te vorder, en dus in staat is om 'n gawe van die Gees te ontvang of te toon. En daarom sal dit altyd net tot voordeel kan wees wanneer julle die gawes van die Gees noem, wanneer julle My evangelie verkondig, wanneer julle mense aan My woorde herinner: *"Ek sal My Gees uitstort oor alle vlees, en die diensknegte en diensmeisies sal profeteer".* **(Joël 2 en Handelinge 2)**

Elkeen van My beloftes sal vervul word, en dus ook hierdie een. Daarom moet alle ongeloof altyd oorkom word met My belofte, en mense moet weet dat My werking **veral duidelik sal word gedurende die laaste dae,** en dat alles dan ook sal gebeur soos wat dit in Woord en Skrif aangekondig is. Amein.